**5 Augustus**

**Die Here kyk baie verder as ons**

**Skrifgedeelte: Rut 1**
**Fokusgedeelte: Rut 1:20**

Oor die “onverklaarbare” wendings in gelowiges se lewens sê die Prediker sommer blatant: “... een en dieselfde lot tref almal: die regverdige en die goddelose, die goeie, die reine en die onreine” (9:2).

Naomi is een van miljoene voorbeelde hiervan. Haar ouers noem haar: “My Blydskap.” Haar lewe loop egter op ’n ramp uit, al was sy ’n kind van die Here: droogte dwing haar gesin na die heidense Moab, haar man en seuns sterf daar “voortydig.” Wanneer sy na tien jaar terugkeer Betlehem toe – waar Jesus gebore sou word! – sê sy vir haar vriendinne: Noem my liewer “Bitter”. Tereg!?

Haar nageslag uit skoondogter Rut wys egter: die Here kyk baie verder. Rut word ’n voormoeder van Jesus, die Seun van Dawid. Lees die geslagsregistertjie in 4:18-22. Só het die Here Naomi se bitterheid uiteindelik in blydskap omskep. Jesus Christus is ons Blydskap!

Dié geskiedenis staan in die Bybel om jou te oortuig dat die bitter ervarings in jou lewe deur Hom opgevang word. Toe Hy aan die bittere kruis sê: “Dit is volbring!”, het blydskap vir elkeen wat in Hom lewe, deur die bitterheid gebreek.

Wat maak jy met jou eie bitterheid: “Verlekker” jy jou daarin, of lê jy dit gelowig áf in Jesus Christus, jou Bevryder?

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-6 (in ouer Psalmboeke: Sb 8)* *Ds. Johan Botha (Laeveld)*